# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont

18 September 2014

Dagsê Almal

Dankie weereens Here vir die seëninge. Amen. My daaglikse gebed wat al soos ŉ refrein klink maar dit is soos dit werklik hier is. Margaret sê so ewe gister dat as die mat onder jou voete uitgetrek word dan val jy op jou knieë. Ons lees op die oomblik Job en dit was baie gepas.

Met groot verwondering en afwagting sit ek en Petro Donderdagaand en wag vir die aankondiging. Ons is een van die 7 finaliste en eerstens het Eljada Huis die meeste sms'e ontvang vir die groente projek en ek kan net vir julle almal baie dankie sê. Al 7 finaliste het pryse ontvang waarvan Eljada Huis R25 000 ontvang het met die toekenning van Helpende Hand Projek van die Jaar – volhoubaarheid. Ek sluit my oë en sê weereens dankie Vader vir die voorreg. Ons luister verder om ook vir die Gebedskussing projek erkenning te ontvang en Faith word ook geseen met R25 000 en haar toekenning is vir die verligting van armoede. Baie geluk Faith en dankie dat ons die voorreg het om die kussings te maak.

Die vroue en manne hier by die huis was in ekstase en vol dankbaarheid dat ons soveel erkenning ontvang het en ons weet dit was so vir ons beskik en nie deur ons eie toedoen nie.

Vrydag het ons saam met die Daspoort Polikliniek ŉ heerlike dag by die Laerskool Generaal Nikolaas Smit deurgebring. Die kliniek word deur die UP se mediese studente gebruik om hul prakties te doen en die kliniek is nou 50jaar oud. Die dag was ŉ geleentheid om vir die gemeenskap die dienste wat gratis beskikbaar gestel word deur die kliniek bekend te stel. Ons koffie en tee bedien en daar was bykans 3000 mense wat ook elkeen 'n hamburger gratis gekry het. Waarlik ŉ reuse sukses en die samewerking van verskeie gemeenskaps onderstteuningsdienste was wonderlik. Baie geluk Daspoort Polikliniek vir die fantastiese werk wat gedoen word.

Die manne en vroue geniet die verwerking van die groente MAAR ons bestellings is maar min. Ons sukses hang geheel van jul ondersteuning af. Ek vra dus kyk asseblief na die bestelvorm en deel dit ook met die familie en vriende.

Ek benodig steeds ŉ paar items om die werk te vergemaklik veral nou dat die somer hier is nl: 6 staal tafels, 20 kratte vir die groente wat eers gewas en dan verwerk word - sommige met gate en ander met geen gate, nette om die verwerkte groente toe te maak aangesien ons buite werk en 6 sterk staanwaaiers om die groente droog te maak. Ons benodig ook ŉ groot gazebo om die agterstoep wat verskriklik warm word koelte te gee. Baie dankie by voorbaat

Petro vra sy benodig asseblief BAIE plastiese sakke en veral "Checkers" sakke. Die mense gebruik dit om hul daaglikse kos wat ons in roomysbakke skep te dra en sommiges bly ver. Naweekpakkies word ook in die drasakke verpak om huis toe te neem.

Swart sakke word gebruik vir die klere. Baie dankie by voorbaat.

My opregte dank aan die skenker van R1500 vir die audio bybels en soos ek vir hom gesê het was daar trane in Jacky en haar kinders wat nie kan lees nie se oë toe ek vir hulle vertel hulle gaan Bybels kry.

Ons (wyk B79) gaan op 1 Nov. ŉ stalletjie by die GK Rietvallei "Kom kyk en Koop" hou. Ons gaan ons groente, gebedskussings drasakke, voorskote en ander items uitstal vir verkope. Ons wil ook graag die kinders en bejaardes se geskenkpakkies gevul met skryfbehoeftes (kinders) en toiletware plus ŉ lekkernytjie opmaak by die stalletjie. Ons benodig egter die skryfbehoeftes, toiletware en snoeperye om daarin te sit. Kontak my gerus as julle wil bydra. Baie dankie.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Debietorders vir ŉ maandelikse bydrae kan nou voltooi word. Kontak my gerus.***

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

- ***KOS – BAIE GROOT NOOD***
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly**
- **Plastiese sakke – groot en klein, bakke en bottels**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek.**
- **Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe**
- **Plastiese tafeldoeke**
- **Groot tafels.**
- **Nuwe bussie en bakkie**